

# DIE INVLOED VAN ENGELS OP AFRIKAANS

DEEL I.

*'n Sosiologies-taalkundige Ondersoek*

DEUR

H. J. ROUSSEAU, B.Ed., M.A., D.Litt.

DEUR DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE BEKROON  
EN  
IN OPDRAG VAN DIE AKADEMIERAAD UITGEGEE, 1937.



MASKEW MILLER, BEPERK  
KAAPSTAD

AAN ETIENNE,  
IN WIE DIE VOORTREFLIJKSTE HOEDANIGHEDE  
VAN 'N VOORTREFLIKE MOEDER EN VADER  
VERENIG WAS.

## VOORWOORD.

“Afrikaanse Patriot bo !!  
Hiep, hiep, hiep hoeré !!!”

—Aldus die eerste hoofartikel van die eerste Afrikaanse tydskrif ; aldus die eerste gedagte van elke taalbewuste en taaltrotse Afrikaner.

“Daar’s ’n nasie te lei,  
Daar’s ’n stryd te stry,  
daar’s werk !  
Daar’s nie na guns of eer te kyk,  
daar’s nie na links of regs te wyk,  
daar’s net te swyg en aan te stryk,  
Komaan !”

—Aldus die slot van die monumentaalste Afrikaanse proefskrif ; aldus die ideaal van elke vurige Afrikaner. So het die Patriot met Afrikaans begin en prof. Boshoff met Afrikaans geëindig ; en intussen sing ons gewone mense uit volle bors “Sarie Marais,” en gevêl ons die vaandeldraers van ’n verhewe kruistog. Vreemde invloed ? Ag kom ! Rasegte Afrikaans !<sup>1</sup>

Om te kan doen wat reg is, moet ons nie net die wil hê nie maar ook die kennis. In die eerste plek is hierdie verhandeling dus teen alle onkundige chauvinisme gerig, en het dit ten doel die objektiewe betragting van die verhouding tussen Afrikaans en Engels ; daarna sal ’n preek oor die lesse wat vir ons toekoms hieruit te haal is, onnodig wees. Dat ons taalkundiges hulle in die verlede daarvoor verheug het dat net 0,25% van die Afrikaanse taal uit vreemde bronne stam, was ’n onontbeerlike stadium, soos ten oorvloede uit die volgende bladsye blyk, maar ’n lewende taal kan nie daar bly staan nie : om sy seëvierende tog voort te sit, moet Afrikaans sy *teenswoordige* terrein terdeë verken, want die

<sup>1</sup> In Celliers se skooljare was „The Charge of the Light Brigade” baie populêr. Die ander Engelshede is welbekend.

verraderlikste vyand van 'n taal en volk is die onkundige selfingenomenheid wat die oë vir kwetspunte sluit. Dis alleen die van sy eie waardigheid bewuste persoon of volk wat sy gebreke onbevrees in die gesig kan sien, wat hulle doelbewus kan aanval, en wat edeler uit die stryd te voorskyn kan tree; dis alleen die aan sy eie waardigheid twyfelende persoon of volk wat sy gebreke angsvallig toedek, wat met gloeiende verontwaardiging ontken dat daar soiets aan hom te vind is, en wat dus die vyand hom ongestoord laat verwoes.

Hierdie verhandeling is die gevolg van sewe jaar se werk, en die menings wat daarin uitgespreek word, is sorgvuldig oorweeg. 'n Verhandeling van hierdie aard kan egter nooit volledig of volmaak wees nie. Solank Engels naas Afrikaans in Suid-Afrika bestaan, sal hy sy invloed op elke gebied van die Afrikaanse lewe en dus die Afrikaanse taal laat geld. Die skrywer oortuig hom dus by voorbaat van die leser se goedgunstige verskoning vir tekortkomings en hou hom vir alle aan- of opmerkings aanbevole. Deel II sal lyste Engelshede bevat.

H. J. R.

*Suid-Afrika, 1937.*

## OPSOMMING.

'n Taal groei uit die stoflike en geestelike kultuur wat hom omring. Die mens dink egter nie in die een of ander taal nie, maar in beelde wat elemente uit dié kultuur simboliseer. Die spreektaal staan die naaste aan hierdie bron en moet dus uitgangspunt en doelwit wees van alle taalvorsing en -suiwering. Die taalinvloed van die Engelse kultuur het byna uitsluitlik van die Engelse spreektaal soos dit in Suid-Afrika lewe, uitgegaan, en het die Afrikaanse skryftaal meer ten goede as ten kwade, die Afrikaanse spreektaal meer ted kwade as ten goede gestrek. Dié invloed is veel wyer maar minder diepgaande as wat gewoonlik aangeneem word : die kern van die taal, nl. die grammatika, die deurlopende spraakgewoontes, is nog nie merkbaar aangetas nie. Trouens, hoe meer 'n taaleenheid gebesig word (*ceteris paribus*), hoe minder is hy vir vreemde invloede vatbaar, en hoe sterker invloed kan hy uitoefen. Hoe meer 'n taaleenheid se krag daarenteen verdeeld is deur eie-talige sinonieme of sterk ander-talige eenhede wat op hom lyk, hoe meer is hy vir vreemde invloede vatbaar. In Afrikaans vertoon die Franse basterwoord die meeste ooreenkoms met sterk Engelse woordfamilies en dus die meeste Engelse invloed.

Die betroubaarste maatstaf om 'n Engelsheid uit te ken, is Boere-Afrikaans : Dat 'n taaleenheid in Nederlands, Middelnederlands of 'n Nederlandse dialek bestaan, is g'n bewys dat dit suiwer Afrikaans is nie. Meer nog : Wat by een taalgebruiker suiwer Afrikaans is, is by 'n ander dikwels 'n anglisme, want in die grond van die saak is dit 'n vraagstuk van die individuele ondervinding en siel. Dit sal dus onmoontlik blyk om die voortdurende skepping van anglismes stop te sit. Ons moet nogtans stry om Afrikaans te suiwer en versterk ; hierby kan Duits ons waardevoller hulp bied as Nederlands.

#### AFKORTINGS.

**DB :** Die Burger                      **DK :** Die Kerkbode  
**DH :** Die Huisgenoot                / : *of*, bv. fiets/rywiél  
      × : *naas*, bv. lateraan × naderhand

## INHOUDSOPGAWE.

VOORWOORD EN OPSOMMING .. .. .	<i>Bladwyser</i> .. iii-v
--------------------------------	------------------------------

### HOOFSTUK I.

#### TAAL EN TAALVERMENGING

(1) SIELKUNDIGE GRONDSLAG .. .. .	1
(a) Psigo-fisies; (b) Psigies; (c) Sosiaal	
(2) TAALVERMENGING	
WEENS KULTUURVERMENGING .. .. .	8
GRADE VAN UITLANDSHEID .. .. .	19
(a) Vreemde-woorde; (b) Leenwoorde;	
(c) Basters; (d) Ismes	
VASSTELLING VAN AFKOMS .. .. .	25
(a) Uiterlike Toetsstene; (b) Innerlike Toetsstene	
(3) TAALCRITERIA	
IS SEKER TAALEENHEID GOED OF SLEG .. .. .	36
(a) Taalwelsyn; (b) Volkswelsyn	

### HOOFSTUK II.

#### VERENGELSING VAN AFRIKAANS

(1) STOFLIKE OORSAKE .. .. .	37
(a) Stand van Hollands in Suid-Afrika	
(b) Stand van Engels in Suid-Afrika	
Stoflike verengelsing in Kaapland .. .. .	42
"      "      buite Kaapland .. .. .	50
"      "      in Suid-Afrika .. .. .	53
(2) GEESTELIKE OORSAKE .. .. .	55
GEESTELIKE VERENGELSING:	
AFRIKAANS:—	
(a) minder werd; (b) minderwaardig; (c) minder gelees; (d) minder gehoor; (e) onsuiver;	
WEENS ONKUNDE; ONWIL; ONMAG. .. .. .	61

## HOOFSTUK III.

## VERENGELSGING VAN AFRIKAANS

	<i>Bladwyser</i>
(1) LEENWOORDE .. .. .	67
Regeringstelsel ; Regspraak ; Staatsdiens .. .. .	69
Spoorweë ; Poswese ; Verkeer ; Pers .. .. .	72
Handel ; Nywerheid ; Ambag ; Beroep .. .. .	76
Onderwys ; Boerdery ; Vermaak ; Maatskappy .. .. .	80
Huis ; Kerk ; Kuns ; Wetenskap .. .. .	94
OPSOMMING : — Intimiteit van die invloed ; Vormleer ; Afleiding en Samestelling ; Aanpassing ; Afkoms en Datumsbepaling.	
(2) BASTERS :	
ENGELSE INVLOED ORALS .. .. .	110
Hoe dit gebeur .. .. .	115
METODE VAN ONDERSOEK :	
WAT SÊ :—	
(1) Nederlands ; (2) Afrikaans ; (3) Engels .. .. .	120
(4) Ons Taalgevoel ; (5) Die Betekenis ; (6) Die Klanke ; (7) Die Vormleer .. .. .	169
WAT SÊ DIE KLANKE :	
(a) Van Germaanse Woorde .. .. .	134
(b) Van Basterwoorde .. .. .	139
a. Klemtoon ; b. Klinkers ; c. Medeklinkers .. .. .	
Vreemde-woorde en Name .. .. .	162
(3) ANGLISISMES .. .. .	172
(a) Woordeskat ; (b) Betekenisleer .. .. .	173
(c) Styl ; (d) Vormleer .. .. .	177
(e) Sinsbou ; (f) Idiomeleer .. .. .	199
(g) Klankleer ; (h) Vormsake .. .. .	205

## HOOFSTUK IV.

## SLOT

✱ (1) Omvang en Krag van die Engelse Invloed .. .. .	207
(2) Goeie en Slegte Invloed : Purisme .. .. .	209
BIBLIOGRAFIE .. .. .	221